DEEL 118 | WEEK 6 | 6 FEBRUARIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Groot samewerking beplan vier windplase tussen Heilbron en Petrus Steyn

’n Belangrike nuwe ontwikkelingsinisiatief is aangekondig vir die gebied tussen Heilbron en Petrus Steyn, waar twee groot rolspelers in hernubare energie, EDF Power Solutions en Red Cap Energy, ooreengekom het om saam te werk aan die ontwikkeling van vier windplase.


Die besluit volg nadat albei maatskappye sedert 2023 afsonderlik windenergieprojekte in dieselfde streek beplan het. Hierdie parallelle ontwikkelings het egter gelei tot gefragmenteerde uitleg, wat die ekonomiese lewensvatbaarheid van projekte en die moontlike inkomste vir grondeienaars in gevaar kon stel.

Deur die samewerking sal die twee maatskappye nou gesamentlik vier windenergieprojekte ontwikkel, elk met ’n moontlike kapasiteit van tot 250 megawatt. Die doel is om grondgebruik te optimaliseer, meer windturbines te kan plaas en soveel moontlik grondeienaars by suksesvolle projekte in te sluit.

Volgens die ontwikkelaars bied die samewerking verskeie voordele. Deur turbines beter te posisioneer, kan windversteurings tussen turbines – bekend as die sogenaamde “wake-effek” – verminder word. Dit beteken hoër energie-opbrengs en beter benutting van beskikbare grond. Verder kan die projekte moontlik van gedeelde kraginfrastruktuur gebruik maak, wat die aantal kraglyne en servitute oor landbougrond aansienlik verminder.

Nog ’n belangrike voordeel is dat ontwikkelingsaktiwiteite soos omgewingsstudies, tegniese ontledings en permitprosesse gesamentlik bestuur sal word. Dit behoort die ontwikkelingsfase te verkort en die tyd tot uiteindelike huurinkomste vir grondeienaars te versnel.

Red Cap Energy sal tydens die ontwikkelingsfase as hoofontwikkelaar optree en ook namens EDF met grondeienaars kommunikeer. EDF bly egter kontraktueel betrokke en voorsien tegniese ondersteuning. Alle bestaande opsie- en huurooreenkomste tussen grondeienaars en EDF bly onveranderd, en geen finansiële of kontraktuele nadele vir grondeienaars word verwag nie.




Die maatskappye het ook grondeienaars herinner dat toegang tot plase steeds volgens bestaande protokolle sal geskied en dat alle projekinligting streng vertroulik hanteer moet word.

Die ontwikkelaars sê hulle bly verbind tot ’n volhoubare vennootskap met grondeienaars en glo die samewerking sal lei tot beter beplande projekte, meer turbine-posisies en vroeër inkomste vir plaaslike deelnemers.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Engo Gesinsorg Heilbron wen by Engo Liggieprojek*

Engo Gesinsorg Heilbron is onlangs aangewys as die wenners van die Engo Liggieprojek in die kategorie vir Gesinsorgkantore, 'n prestasie wat getuig van toegewyde spanwerk en sterk gemeenskapsbetrokkenheid.

Die erkenning volg op die suksesvolle Kersliggie-projek-uitdaging, waartydens die plaaslike gemeenskap saamgestaan het om 'n betekenisvolle verskil te maak. Opregte waardering word uitgespreek aan elke persoon wat bygedra het – hetsy deur skenkings, hulp of ondersteuning.

Enige hulp, klein of groot, het 'n groot verskil gemaak en weer eens gewys hoe sterk die gemeenskap van Heilbron saamstaan. Die projek sou nie moontlik gewees het sonder die betrokkenheid en ondersteuning van die gemeenskap nie.

Spesiale dank word gerig aan die gemeenskap van Heilbron, asook aan die liewe Vader, vir die seëninge en krag wat die projek moontlik gemaak het. Die tyd, moeite en bydraes van almal wat betrokke was, het nie ongesiens verbygegaan nie.

Die toekenning bevestig Engo Gesinsorg Heilbron se verbintenis tot dienslewering en gemeenskapsontwikkeling, en dien as inspirasie vir toekomstige projekte waar samewerking en mededeelsaamheid sentraal staan.







# Man in hegtenis geneem met gesteelde koperdraad ter waarde van meer as R4 500

Die Petrus Steyn-polisie het 'n 53-jarige man van Mamafubedu naby Petrus Steyn in hegtenis geneem nadat hy in besit gevind is van 31 kilogram koperdraad ter waarde van tussen R4650 en R5580 volgens huidige skroot prys.

Die inhegtenisneming het plaasgevind tydens 'n gesamentlike padblokkade-operasie deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en Provinsiale Verkeerswetstoepassing op die R57 tussen Petrus Steyn en Reitz. Die operasie het gefokus op die toepassing van die Padverkeerswet, sowel as die voorkoming van misdaad in die algemeen.

Lede van die SAPD het 'n wit Kia-sedan voorgekeer en deursoek. Tydens die deursoeking is 'n passasier gevind met 'n swart rugsak waarin koperdraad aangetref is. Voorlopige ondersoeke het aangedui dat die koperdraad glo van 'n nabygeleë plaas gesteel is.

Verdere ondersoeke het aan die lig gebring dat die verdagte reeds voorheen vir soortgelyke oortredings in hegtenis geneem is. 'n Saak van besit van vermoedelik gesteelde eiendom word ondersoek. Die verdagte het Maandag, 2 Februarie 2026, in die Reitz-landdroshof verskyn.

# UIT DIE PEN: *Week 6*

Almal het teen hierdie tyd al van KI gehoor. En nee, dis nie Kunsmatige Inseminasie soos wat ons dit doerie tyd op die plase geken het nie. Ek praat van Kunsmatige Intelligensie. Dit wat besig is om die wêreld oor te neem.

Nou moet ek erken: ek geniet dit om af en toe met KI te werk. Maar daar is ook 'n groot versigtigheid in my.

My kollega, wat glad nie Afrikaans magtig is nie, het by ChatGPT aangeteken as Sofie van der Merwe. Sy gebruik ChatGPT om mooi antwoorde op e-posse te genereer wanneer haar eie woordeskat gedaan is. ChatGPT kan sulke pragtige frases uitdink.

Wanneer jy 'n opdrag aan ChatGPT gee, moet jy soveel moontlik inligting voorsien sodat jy ingeligte terugvoer kan kry. Ons moet ook onthou dat ChatGPT net die inligting kan gebruik wat reeds iewers op die internet aangeteken is. Indien daardie inligting verkeerd is, gaan die reaksie vanaf ChatGPT ook verkeerd wees.

Einde van verlede jaar het ek vir ChatGPT gevra om vir my 'n Kerskaartjie te maak. Ek het vir die oom van ChatGPT gevra om vir my 'n mooi agtergrond te kies, en dan 'n spesieke boodskap daarop aanbring. Ek het gevra dat die bewoording in Afrikaans moes wees.

Die agtergrond was pragtig, mooier as wat ek gedink het, maar die bewoording het my laat ril. Daar was woorde wat verkeerd gespel is en die sinskonstruksie was totaal verkeerd. Ek het dit gelukkig nie so uitgestuur nie, want my vriende sou vir my gelag het.

Maar.

Ek sien tans dat kleiner maatskappye van sulke advertensies gebruik maak. Hierdie advertensies word dan op Facebook geplaas. Onlangs het ek so 'n advertensie gesien wat deur 'n reisagentskap geplaas is. Die advertensie is deurspek met spelfoute en foute in sinskonstruksie. Nou wonder ek: wie sal in hierdie dienste belangstel? As die maatskappy nie eers 'n ordentlike advertensie die wêreld kan instuur nie, kan jy hulle regtig vertrou om 'n hoop geld te betaal en jy moontlik nie eers jou bestemming gaan haal nie?

Bogenoemde is net my opinie.

Ek ontvang gereeld e-posse wat direk uit ChatGPT kom. Sommige skrywers doen nie eers die moeite om die e-pos deur te lees nie. Alles skree "Kunsmatige Intelligensie". Daar is letters in dik swart gedruk en hier en daar is daar 'n aandagstreep. Laasgenoemde is nie verkeerd nie, maar die meeste mense sal eerder 'n dubbelpunt of kommapunt gebruik.

Onlangs het ek 'n e-pos van iemand gelees waar hulle in die middel van die e-pos hulle eie inligting bygevoeg het. Die eerste gedeelte is perfekte Engels. Alles is reg, spelling eksieperfeksie. Die laaste gedeelte is ook piekfyn. Maar waar die skrywer sy/haar inligting in die middel bygevoeg het, wemel dit van die spelfoute. Daar is geen leestekens of hoofletters nie.

Dan verstaan ek hoekom iemand ChatGPT wil gebruik.

Sommige mense is bang dat KI die wêreld gaan oorneem. Poste gaan in gedrang wees, en mense kan maklik met botte vervang word.

As jy nie weet wat 'n bot is nie: wanneer jy die webwerf van 'n groot maatskappy besoek is daar 'n venstertjie wat aan die regterkant, aan die onderkant van jou skerm oopmaak. Die bot vra dan of daar 'n vraag is waarmee hy jou kan help. (Ek weet nog nie of 'n bot 'n "hy" of 'n "sy" is nie. Die bot kan ook dalk 'n "hulle" wees, dis moeilik bepaalbaar.)

Wat my gruwelik frustreer is dat jy dan die vraag intik in die bot se venstertjie. Die bot reageer dan met 'n lys opsies. Wanneer nie een van die opsies op die lys aan jou vraag voldoen nie, kan jy enige iets intik, en die bot sal elke keer dieselfde lys opsies gee.


Soms lui jou foon. Onbekende nommer. Teen jou sin besluit jy om dit te antwoord.

"Goeiedag. Hoe gaan dit?" Wanneer ek dan die blikstem hoor, antwoord ek nie eers die vraag nie. Ek het al 'n lukrake antwoord gegee in plaas van om te sê hoe dit gaan. En elke keer sê die bot: "Ek is bly dat dit goed gaan."

Nee, jy het nie gehoor nie, want jy is nie mens nie. Daar gaan ook geen simpatie in jou stem of in jou reaksie wees nie. Want jy is 'n iets sonder 'n siel.

Eintlik 'n niks.

Maar ons is almal besig om in daardie rigting te beweeg. Wat my egter baie bang maak, is dat ons in die toekoms baie moeiliker gaan onderskei tussen KI en die ware Jacob. Of Jacoba. Ons gaan inligting ontvang wat sò reg klink en lyk dat ons nie meer feit van fabel kan onderskei nie.



Ons gaan oorval word deur mense wat hulle samesweringsteorieë, eie opinies en waninligting wil deel en ons wil laat glo dat dit reg en eg is. Ons gaan fotos kry van iets wat net in KI bestaan en ons gaan dit glo, sonder om die bron daarvan na te speur.

Ons gaan die méns agter die boodskap mis.

Ek het hierdie week geleer dat niks 'n regte mens se stem en 'n mens se aanslag sal kan vervang nie. Ons moet met regte mense kan praat. Ons moet hoor hoe hulle harte klop en die empatie in hulle stemme kan hoor.

Bogenoemde is nie iets wat KI ooit vir ons kan gee nie.

Ek is so spyt dat die mensdom tot by hierdie punt gevorder het. En ek is so bang wanneer ek aan die toekoms dink. Op hierdie stadium dink ek dat daar meer nadele is as voordele, maar dit is net my opinie.

Uiteindelik soek ons almal na iets met 'n vel om.

# Ma en dogter wenspan bestuur Donsveertjie funksies en troues

Hierdie ma en dogter wenspan van Heilbron kan enigiets doen, van skaapskeerdery (JRJ skaapskeerdiens), kleremakers (Angel feathers), provinsiale rolbalspelers en nou trou- en funksiekoördineering. Niks is teveel moeite vir hulle nie. Met hul omvattende liefde en styl vir dekor en mooi maak wat in hul bloed loop en Tracy se pa was 'n binneshuise-versierder. Albei die dames is baie kunstig en kan gewoonlik met baie min iets besonders en mooi maak. Hulle werk juis so goed saam omdat hulle redelik dieselfde dink. Albei, Tracy en Natasha, verstaan mekaar se idees intuïtief en vul mekaar goed aan. (In Natassha se eie woorde met 'n groot glimlag sê sy: "Ons praat mekaar se taal.")

Hulle is nie net ma en dogter nie, maar vennote en beste vriende ook wat daarvan hou om 'n verskil te maak en skrik nie vir harde werk nie. Met hulle verander dit blitsvinnig na lekker werk.

Natassha Jonker en Tracey Jacobs bestuur tans Donsveertjie gasteplaas se troues & funksies en kan enige tyd gekontak word vir konsultasies.




## BRIEWE VAN ONS LESERS

### Wie kan hul ewenaar of daarop verbeter?



*Die volgende skrywe is ontvang van een van ons lesers gerig aan die redakteur.*

Van 1960 begin Koos Bierman vanaf Oranjeville as vakleerling by Yscor op Vanderbijlpark in die ambag as elektrisiën. 1961 Nic Botha van Vanderbijlpark in dieselfde ambag en in 1962 Gerhard (Dup) du Plessis vanaf Randfontein.

Die drie jongmanne raak vriende 1965. In 1966 trou Koos en Magda van Schalkwyk van Vereeniging, asook Nic en Sarie Steyn van Heilbron en Gerhard (Dup) met Annatjie du Toit van Vereeniging. Magda en Annatjie was vriendinne vanaf skooldae.

Die ses raak sommer hegte vriende. Die Nuwejaar van 1967 kom die ses tot 'n ooreenkoms dat hulle elke Nuwejaar 'n spesiale byeenkoms gaan maak. Uit die huwelik van Dup en Annatjie is 'n dogter en seun gebore. Koos en Magda het twee dogters en 'n seun. Nic en Sarie 'n dogter.

Vanaf 1975 tot 1980 het Dup en Annatjie in Walvisbaai gewoon. Geen moeite is ontsien nie en die drie huisgesinne het nog steeds elke Nuwejaar bymekaar gekom.

Die ses kinders van die vriende groep is almal getroud en nege klein kinders bygekom. Die vriende is lankal nie meer net vriende nie, maar soos 'n familie kring. Ongelukkig het Dup en Annatjie 'n klein kind op die ouderdom van 6 jaar aan die dood moes afstaan.

Dup is in 2018 oorlede, Annatjie woon tans in Pretoria saam met hul kinders. Nic en Sarie in Bethlehem met hul kinders. Koos en Magda op Heilbron. Hulle oudste dogter in Randfontein, tweede dogter in Standerton, tweede dogter in Standerton en hul seun in Francistown – Botswana.

Hierdie "Familie – Vriende" kom nou al 'n tydperk van 58 jaar elke Nuwejaar bymekaar.



## Heilbron-onderwysers tree in die huwelik



'n Bekende plaaslike paartjie, Hilde Roos (nou Pieters) en Wessel Pieters, het op 31 Januarie 2026 hul huwelik bevestig.

Hilde is die dogter van die plaaslike sakeman George Roos en sy vrou, Hillet, terwyl Wessel die seun is van Lizet en Wessel Pieters. Die bruid is oorspronklik van Heilbron en die bruidegom van Edenville.

Hoewel die twee mekaar reeds van jongs af geken het, het hul belangstelling in mekaar met die jare gegroei, waarna die verhouding op 'n natuurlike wyse ontwikkel het. Ná agt jaar saam het hulle verloof geraak en onlangs hul verbintenis met mekaar amptelik gemaak.

Hilde en Wessel is albei onderwysers by Hoërskool Heilbron. Wessel gee klas in die FET-fase, terwyl Hilde in die grondslagfase onderrig.

Die paartjie sien daarna uit om hul toekoms saam in die gemeenskap voort te bou.






# Deputy Minister Leads Successful DDM Back-to-School Programme in Heilbron

The Deputy Minister of Tourism and District Development Model (DDM) Champion for the Fezile Dabi District, Ms Makhotso Sotyu, on Tuesday, 20 January 2025 led a successful DDM Back-to-School Campaign in Heilbron, underscoring government's commitment to education, learner wellbeing and coordinated service delivery.

The initiative was attended by senior government leaders, including the Executive Mayor of Ngwathe Local Municipality, Cllr Victoria De Beer-Mthombeni, the Executive Mayor of Fezile Dabi District Municipality, Cllr Dennis Khasudi, and the Free State MEC for Education, Dr Mamiki Maboya. Their presence highlighted strong intergovernmental collaboration in support of learners and schools within the district.

As part of the programme, learners received school shoes, uniforms, sanitary pads, dignity packs and stationery, providing much-needed support to improve dignity, confidence and readiness to learn. More than 200 pairs of school shoes and dignity packs were handed over to identified needy learners.

The campaign included a visit to Sandersville Community Hall and Sediba Thuto Secondary School, where learners and educators were celebrated for their achievements. Under the leadership of principal Elias Mokoena, the school attained an impressive 93.1% matric pass rate in 2025. The school also introduced Tourism as a subject in 2025, a development welcomed by the Deputy Minister, who handed out learning materials and support items to Tourism learners.

Addressing learners, Deputy Minister Sotyu encouraged those studying Tourism to see themselves not only as future job seekers, but as potential job creators. She further explained her role as DDM Champion as one aimed at unifying the work of all government departments to deliver integrated solutions, improve service delivery and uplift communities across the district. She noted that such coordination is especially important in areas affected by social challenges.

MEC for Education Dr Mamiki Maboya emphasised that the District Development Model recognises education as a societal responsibility requiring collaboration across all spheres of government, as well as partnerships with the private sector. She highlighted the department's Multicertification Programme, launched last year, which enables learners to leave school with practical, job-ready skills. In the Tourism stream, this includes opportunities such as training as tour guides, allowing learners to enter the labour market immediately after completing Grade 12.

The Back-to-School Campaign stands as a practical example of the District Development Model in action, translating coordinated leadership into tangible support that promotes equality, strengthens education outcomes and lays a solid foundation for a successful academic year.



# Baie soos Jan en die boontjie rank –

## *2.8m hoë tamatieplant en halwe kilogram aartappel verstom Huis Bron-van-Heil*

Wat as 'n doodgewone blomtuin begin het, het binne twee maande ontwikkel in 'n ware gesprekspunt by Huis Bron-van-Heil danksy twee buitengewone hoë tamatieplante en 'n buurman se indrukwekkende aartappel oes.

Chrisna Steyn, inwoner van Huis Bron- van-Heil, vertel dat die twee tamatieplante heeltemal per toeval in hul voortuin blombedding tussen die rose verskyn het. Een van die plante staan tans 'n verstommende 2,8 meter hoog. Chrisna noem dat toe die plant eers begin groei het, was hulle aanvanklik nie eens seker of dit 'n tamatieplant is nie, maar die blare het met tyd meer-en-meer so gelyk.

Volgens Chrisna is die ware "heldetuinier" egter haar man, Hannes Steyn. Sy meen die buitengewone groei is die resultaat van jare se sorg en aandag wat hy spesifiek aan die grond bestee het. Sy noem verder ook dat baie van hul vleis tamatiepitte met behulp van die voëltjies daar in hul blombedding beland het, en met die goeie grond wat daar oor die jare opgebou het, het hierdie tamaties net besluit om hul kans te vat.

Die tuinverrassings stop egter nie daar nie. Chrisna het ook haar pa, oom Tienie Wilken, voorgestel – 'n man wat ewe trots is op sy eie groente-prestasies. Oom Tienie spog met aartappels so groot soos bakstene, wat hy sowat twee tot drie maande gelede geplant het.

Interessant genoeg noem hy dat hy nie moere gebruik het om sy stoele te kweek nie, maar klein aartappeltjies wat gewoonlik onder in sy sak gekoopte aartappels sou vind. Laggend voeg hy by dat hy darem net twee stoele geplant het.

Dié toevallige, maar besondere tuinsuksesse bewys weereens dat goeie grond, 'n bietjie geduld – en soms sommer net geluk – groot dinge kan laat groei.



*Op die foto, wys oom Tienie trots een van sy beste aartappels op 'n skaal – met die naald wat by 'n indrukwekkende 520 gram stilhou. Meer as 'n halwe kilogram vir 'n enkele aartappel.*



*Op die foto: 'n tamaai tamatie - die eerste tamatie oes teen 'n indrukwekkende 715g !*



# KENNISGEWINGS NOTICES

## NOTICE OF INTENTION TO APPLY IN TERMS OF SECTION 27

Read with Section 31 for registration
**FREE STATE GAMBLING, LIQUOR AND TOURISM ACT NO. 6 OF 2010 (AS AMENDED)**
Notice is hereby given that **MARLIZE NAUDE** intends to lodge an application on a date to be published in the Provincial Gazette, particulars of which appear hereunder:
**Municipality:** Ngwathe Local Municipality
**Full names, street and postal address of applicant and identity number:** Marlize Naude,
ID No. 7403060071080, Farm Witklip, Heilbron, 9650
**Kind of registration applied for:**
Restaurant Liquor Licence
**Kind of product to be sold/manufactured:** All Kinds
**Name under which business is to be conducted and full address of premises:**
Mi Amor Gastepplaas En Venue, Farm Witklip, Heilbron, 9650
**Name of, nature of and distance to institutions of learning, similar registered premises and places of worship:** Heilbron High School – more than 10 km, NG Moedergemeente Heilbron – more than 10 km, Franklin Creek (similar registered premises) – more than 10 km
Any person may, within 21 days from 6 Febraury 2026 (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full name, identity number, residential address, postal address, and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of the office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates. The application may be inspected at the offices of the Authority during their office hours. The address of the relevant Office of the Liquor Authority is 85 Henry Street, Westdene. Bloemfontein, 9301.
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**E-MAIL: admin@jansenprokureurs.co.za**

---

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **WILLEM GEORGE LOMBARD, Identiteitsnommer 621211 5012 085,** Getroud buite gemeenskap van goed, woonagtig was te Plaas Blesbokfontein, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 18 Desember 2025,
**boedelnommer 000541/2026.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

---

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir Antonio Pienaar by die Heilbron Herald
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

BOOMERANG
SKOOL TASSE
BESKIKBAAR @ SLEGS
R1 200 BTW ING.



Herald Office National
Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T12520/2009** waarin **MATTHYS JOHANNES BEYERS, Identiteitsnommer 350818 5018 08 1,** Ongetroud aansoek gedoen het vir die uitreiking aan hom van 'n Sertifikaat van Verenigde Titel kragtens die bepalings van Artikel 40 van Registrasie van Aktes Wet, 1937 nademaal hy die geregistreerde eienaar is van GEDEELTE 6 VAN DIE PLAAS HESTER 596, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 3de dag van Februarie 2026.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald Office National




**BETREKKING VAKANT**

CORNELIUS & VENNOTE INGELYF HEILBRON

Benodig die dienste van 'n
ALGEMENE TIKSTER
Met tik ervaring vir algemene regswerk. Ondervinding in Boedels en/of Aktes sal 'n aanwins wees.

**1 Maart 2026 vir diens aanvaarding. Aansoeke sluit 20 Februarie 2026.**

Stuur volledige CV vir aandag:
AA Schutte
40 Kerkstraat, Heilbron
E-pos: amanda@corven.co.za




**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

**SELF-INKING STAMPS**



**SELF-INKING DATER STAMPS**
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

# DELIVERY & COLLECTION
**between Heilbron and Vaal Triangle**
**Monday, Wednesday and Friday**
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078
**R100 per parcel**




**Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel**

# SMALLS

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
**08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport

# Boerevereniging Challenge

## *Week 2 is in 'n oogwink verby*



*Op die foto bo: "Ingewikkelde meetproses vir die skootbal".*



*Fotor regs: Danelle Oosthuizen wys waarnatoe die bal gerol moet word.*

Die Slootkraal Bal Jaers en die Vegkop manne lyk of hulle sake gaan uitspook in die finale. Die 3de en 4de plekke lê oop vir enige van die ander spanne om die posisies op te raap. Na die lekker reën van die afgelope naweek sal die gemoedere sommer baie positief wees op die baan.

# Bronnie atlete presteer tydens Heilbron Zone byeenkoms







Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.
Kontak gerus vir Antonio by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




# Reitz Hengelklub Nuus



*Op die foto is Dian van Niekerk met die swaarste sak vis van 31,610 kg.*



*Op die foto is Lucas van Rensburg met die grootste volskub karp van 3,820 kg.*



*Op die foto is Du Toit Labuschagne met die grootste gewone karp van 1,770kg.*

Op Saterdag, 31 Januarie 2026 het Reitz Hengelklub 'n kompetisie gehengel by Jan Snyman se dam vanaf 08:00 tot 17:00 en 23 hengelaars het deelgeneem.

Altesaam 482 visse is gevang tydens die kompetisie.

Lucas van Rensburg het die grootste volskub karp van 3,820 kg gevang.

Du Toit Labuschagne het die grootste Gewone karp van 1,770 kg gevang.

Dian van Niekerk het die swaarste sak vis van 31,610 kg gevang.

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 9 FEBRUARIE 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 10 FEBRUARIE 2026
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

VREDEFORT: DAVID STEENKAMP STAAK BEESBOERDERY VEILING
11:00, plaas Mara
Kontak Stiaan Smit 067 596 2491

WOENSDAG - 11 FEBRUARIE 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

STANDERTON Aanteelveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DONDERDAG - 12 FEBRUARIE 2026
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

HEILBRON: SGM BOERDERY ALGEHELE UITVERKOPING VAN SKAAPKUDDE (SAVM tipe)
11:00, plaas Merlewood

VRYDAG - 13 FEBRUARIE 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 14 FEBRUARIE 2026
POTCHEFSTROOM: NW DORMER GROEP VEILING
11:00, Potchefstroom
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

KOPPIES: MAKSI LANDSKAAP
11:00, plaas Verdeeld
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za